

Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Main)
Publication Date: 03 May 2018
Page: 6

AVE: 20994.44
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

CASTER SEMENYA

# Britte en Kanadese sien ook rooi oor IAAF

Wim Pretorius

Dit is nie net Suid-Afrikaners wat vuur spoeg oor die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se nuwe regulasies oor vroulike testosteroonvlakke nie, maar Brittanje en Kanada het ook hul stemme begin dik maak.

Richard Bowker, die Britse atletiekbaas, het aan die *Irish Times* gesê dat "baie uitdagings en vrae" oor die omstrede testosteroonreël steeds nie beantwoord is nie.

Bowker bevraagteken ook of die voordeel wat Semenya het veel verskil van 'n atleet soos Usain Bolt, wat langer treë as die ander atlete gegee het.

"Ek kan verstaan waarom die IAAF dit ondersoek het," het Bowker gesê, wat baie simpatie vir Semenya het. "Maar waar ons tans staan, is dat daar baie vrae gevra word en dat daar ook baie uitdagings is."

Die IAAF het verlede week 'n nuwe stel nuwe regulasies aangekondig wat beperkings plaas op atlete soos Semenya, wat natuurlike hoë vlakke van testosteroon het.

Die 400 m, 400 m-hekkies, 800 m, 1 500 m en myl vir vroue word deur die nuwe reël geraak.

"Wanneer jy kyk na wat dit verg van 'n atleet om 'n kampioen op die wêreldverhoog te wees, is dit duidelik dat dit baie toewyding, talent en fisieke bekwaamheid is wat hulle van die res onderskei," het hy bygevoeg.



Caster Semenya

"Hulle is nie soos ek en jy nie. My probleem is waarheen lei die debat?

"As jy 'n hoogspringer is wat 2,07 m lank is en jy neem deel teen iemand wat 1,8 m lank is, het jy nie dan 'n voordeel nie?

Volgens Bowker is daar geen twyfel nie dat Semenya 'n uitsonderlike atleet is wat baie vir die sport beteken.

"As sy die Wêreldbeker-atletiekbyeenkoms in Julie in Londen bywoon, kan jy seker daarvan wees dat sy met ope arms ontvang sal word deur ingeligte en liefdevolle toeskouers," het hy gesê.

Die Kanadese Atletiekfederasie het ook gevra dat die nuwe regulasies onder die vergrootglas geplaas moet word en hersien moet word.

"In Kanada moedig ons alle atlete aan om op elke vlak deel te neem sonder dat daar teen hulle gediskrimineer word," is daar in 'n verklaring gesê.

Die Kanadese het aangedui dat hulle van plan is om die reël te ontleed en met ander sportliggame in gesprek te tree oor die moontlikheid om teen die regulasie te appelleer.

■ Steve Cornelius, 'n professor van Tuks se regsfakulteit wat as een van die wêreld se voorste sportregkenners beskou word, het reeds bedank uit die IAAF se dissiplinêre tribunaal uit protes teen die nuwe regulasies.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.